# AANSOEK OM KREDIET

Ek/Ons ______________________________________________________________________________________
(Hierna verwys as "die Applikant")

doen hiermee aansoek vir die opening van 'n rekening met

**KARABOS NATURAL FARMING (EDMS) BPK**
**Registrasie No.: 2011/118328/07**
(Hierna verwys na as "die Verskaffer")

Ter ondersteuning van die aansoek, word die volgende inligting verstrek:

## 1 AANSOEK BESONDERHEDE

1.1 Geregistreerde Naam van aansoeker: ________________________________________________

1.2 Handelsnaam: __________________________________________________________________

1.3 BTW No.: _____________________________________________________________________

1.4.1 Afleweringsadres: _____________________________________________________________

1.4.2 Posadres: ____________________________________________________________________

Poskode: ____________________________________________________________________

1.4.3 Geregistreerde adres: __________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

1.4.4 Besigheidstelefoonnommer: _____________________________________________________

Faksnommer: ________________________________________________________________

1.4.5 Selfoonnommer: ______________________________________________________________

1.4.6 E-posadres: _________________________________________________________________

1.5 Stigtingsdatum: _______________________________________________________________

1.6 Tipe besigheid: _______________________________________________________________

1.6.1 Hoe lank bestaan hierdie besigheid? ____________________________________________

1.7 Indien jy voorheen in besigheid was, onder watter naam was besigheid gedoen en vir hoe lank?

_____________________________________________________________________________________

_____________________________________________________________________________________

1.8 Hoe lank bestaan die besigheid onder die huidige bestuur? ________________________________

1.9 Naam van die persoon wat die rekening navrae hanteer: __________________________________

## 2 REGSENTITEIT

2.1 Formaat van die aansoeker se regspersoon (merk toepaslike blokkie)

- ☐ Privaat Maatskappy
- ☐ Publieke Maatskappy
- ☐ Alleen Eienaarskap
- ☐ Beslote Korporasie
- ☐ Vennootskap
- ☐ Trust

2.2 Maatskappy / Beslote Korporasie / Trust Registrasie Nommer: ____________________________________________

2.3 Volle name, adresse, identiteitsnommers en telefoonnommers van Direkteure, Aandeelhouers, Lede, Vennote, Eenmansaak, Trustees:

| NAAM | WOONADRES | IDENTITEITSNOMMER | TELEFOON |
|---|---|---|---|
| | | | |
| | | | |
| | | | |

2.4 Indien ‘n Alleen-eienaar / Vennootskap:

| HUWELIKSTATUS | GADE SE VOLLE NAME | HUWELIKSKONTRAK: JA/NEE |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |

2.5 Houermaatskappy:

____________________________________________________________________________________________

2.6 Filiaal maatskappy:

____________________________________________________________________________________________

## 3. VERSKAFFERS

Huidige Verskaffers:

| NAAM VAN VERSKAFFER | KONTAKPERSOON | TELEFOONNOMMER |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |

Ek/Ons gee hiermee toestemming aan die Aansoeker dat die bogemelde 3 (drie) Verskaffers gekontak kan word vir kredietverwysings.

## 4. OUDITEURE

4.1 Naam: ______________________________________________________________________________

4.2 Adres: ______________________________________________________________________________

4.3 Telefoonnommer: _____________________________________________________________________

## 5. BANKIERS

5.1 Taknaam en kode: _____________________________________________________________________

5.2 Rekeningnommer: _____________________________________________________________________

5.3 Datum rekening geopen: _________________________________________________________________

5.4 Indien minder as 3 jaar, vorige Bankiers: ______________________________________________________

Ek/Ons sertifiseer dat die inligting wat verskaf is waar en korrek is en onderneem om die Verskaffer onmiddelik skriftelik in kennis te stel van enige verandering van eienaarskap of besonderhede hierin vervat.

## 6. ONDERTEKENAARS

Ek/Ons, die ondergetekendes, is behoorlik gemagtig om die Aansoeker te verteenwoordig.

Alleen-eienaar / Lid / Direkteur / Vennoot / Trustees

| DATUM | PLEK | ONDERTEKENAAR | NAAM (in drukskrif) | HOEDANIGHEID |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |

## 7. TERME EN VOORWAARDES

Ek/Ons, die ondergetekende(s), in my/ons hoedanigheid as gemagtigde verteenwoordiger van die Aansoeker, doen hiermee aansoek vir krediet transaksies, waarvan die limiet R ____________________________ per maand sal wees, met ___________________________________________________, die Verskaffer.

Ek/Ons :

7.1 Waarborg dat bogenoemde inligting waar en korrek is.

7.2 Sertifiseer dat ek/ons gemagtig is om hierdie vorm te voltooi namens die Aansoeker.

7.3 Gee toestemming tot die jurisdiksie van enige Landdroshof wat jurisdiksie uit hoofed van Artikel 28 van die Landdroshof Wet vir die bepaling van enige eis wat andersins buite die jurisdiksie van ‘n Landdroshof val as gevolg van die bedrag van die eis.

7.4 Stem in dat, indien dit nodig word vir die Verskaffer om voort te gaan teen die Aansoeker in ‘n Hof wat jurisdiksie sal hê te eniger tyd, die hele uitstaande bedrag uitstaande op die Verskaffer se rekening sal dan onmiddelik verskuldig en betaalbaar wees nieteenstaande die feit dat ‘n gedeelte van die bedrag nie verskuldig sou wees in ooreenstemming met die terme van betaling nie. Voorts, erken die Aansoeker, dat ‘n sertifikaat onderteken deur ‘n Direkteur van die Verskaffer sal prima facie bewys van die bestaan van die skuld sowel as die bedrag verskuldig wees.

7.5 Kom ooreen dat die eienaarskap van die goedere wat afgelewer is, sal gevestig bly by die Verskaffer, totdat dit betaal is deur die Aansoeker. In die geval waar enige van die Aansoeker se maatskappye of geassosieerde maatskappye steeds gelde verskuldig is aan die Verskaffer, sal die Verskaffer die reg hê om skuldvergelykings toe te pas teen enige gelde wat nog verskuldig is of nog verskuldig mag raak deur die Aansoeker aan die Verskaffer.

7.6 Stem in om gehoor te gee aan die Verskaffer se standaard verkoopsvoorwaardes wat ook in hierdie aansoek uiteengesit is.

7.7 Stem in dat, indien 'n kredietfasilitiet verleen word, sal die rekening hanteer word in ooreenstemming met die terme van betaling, naamlik: **30 (dertig) dae na staat**.

7.8 Stem in dat indien enige bedrag nie betaal is nie binne die ooreengekome terme, die Verskaffer, sonder benadeling van sy regte, geregtig sal wees om rente op alle uitstaande bedrae, te eis teen 'n koers van 2% bo die huidige prima koers van die Verskaffer se finansiële instelling of die prima koers soos dit wissel van tyd tot tyd.

7.9 Stem in dat in die geval waar enige regstappe geneem word vir die invordering van die bedrae wat verskuldig is, dan sal die Aansoeker verantwoordelik wees vir alle regskoste, insluitende invorderingskommissie en al die prokureur en kliënt koste.

7.10 Kies die adres soos uiteengesit in hierdie aansoek, in die afwesigheid van skriftelike kennisgewing tot die teendeel, as *domicilium citandi et executandi*. Enige kennisgewing aan die Aansoeker gepos, indien dit per vooruitbetaalde geregistreerde pos gepos is, sal dit ontvang geag te wees deur die Aansoeker, 96 uur na die tyd van versending aan die domicilium voormelde. Handaflewering by die *domicilium* adres aan 'n persoon wat oënskynlik in beheer is, sal ook 'n geldige aflewering wees.

7.11 Stem hiermee toe dat die Verskaffer alle relevante bankinligting mag aanvra, soos onder andere bankstate, asook die kredietstatus, van my of van die Aansoeker, van die bankiers, soos na verwys in klousule 5, of die bankiers wat die bankiers vervang.

7.12 Stem hiermee in dat die Verskaffer my of die Aansoeker se kredietrekords mag aanvra by enige en/of alle kredietburo's, welke inligting gebruik sal word om die Verskaffer behulpsaam te wees om hierdie aansoek om krediet toe te staan, of te weier, om enige bedrog te verhoed, en om enige risiko van die Verskaffer te bestuur.

7.13 Die volgende dokumentasie word aangeheg ter ondersteuning van hierdie aansoek om krediet: (*merk waar van toepassing)*

7.13.1 In die geval waar die Aansoeker 'n natuurlike persoon, 'n vennootskap, of 'n assosiasie is:
- □ identiteitsdokument van elke Aansoeker, elke vennoot tot die Vennootskap, of elke Assosiaat van die Assosiasie
- □ bevestiging van adres, nie ouer as 3 (drie) maande nie, welke adres 'n fisiese adres sal bevestig van elke Aansoeker, elke vennoot tot 'n Vennootskap, of elke Assosiaat van die Assosiasie
- □ bevestiging van die Aansoeker, die Vennootskap of Assosiasie, se bankrekening, met 'n gestempelde brief vanaf die finansiële instelling
- □ BTW registrasie sertifikaat

7.13.2 In die geval waar die Aansoeker 'n Maatskappy is:
- □ CIPC registrasie dokumentasie van die Maatskappy
- □ bevestiging van die geregistreerde adres, nie ouer as 3 (drie) maande nie, welke adres 'n fisiese adres sal bevestig
- □ bevestiging van Maatskappy se bankrekening, met 'n gestempelde brief vanaf die finansiële instelling
- □ BTW registrasie sertifikaat.

7.13.3 In die geval waar die Aansoeker 'n Beslote Korporasie is:
- □ CIPC registrasie dokumentasie van Beslote Korporasie
- □ bevestiging van die geregistreerde adres, nie ouer as 3 (drie) maande nie, welke adres 'n fisiese adres sal bevestig
- □ bevestiging van bankrekening, met 'n gestempelde brief vanaf die finansiële instelling
- □ BTW registrasie sertifikaat

7.13.4 In die geval waar die Aansoeker ‘n Trust is:

- □ Magtigingsbrief van die Trust, soos uitgereik deur die Meester van die Hooggeregshof
- □ identiteitsdokumente van al die Trustees, soos aangestel in die Magtigingsbrief
- □ bewys van die adres van die Trust, asook van elke Trustee, nie ouer as 3 (drie) maande nie, welke adres ‘n fisiese adres sal bevestig
- □ bevestiging van Trust se bankrekening, met ‘n gestempelde brief vanaf die finansiële instelling
- □ BTW registrasie sertifikaat

## 8. VERKOOPSVOORWAARDES

8.1

8.1.1 Die Aansoeker sal geen eis hoegenaamd kan instel of hê nie teen die Verskaffer ten opsigte van enige verlies of skade van ‘n gevolglike aard wat deur die Aansoeker opgedoen word as ‘n gevolg van enige gebrek in die produk verskaf, of as ‘n gevolg van die laat aflewering daarvan.

8.1.2 In die geval van ‘n Aansoeker / Koper van die produk wat in staat is om te bewys dat die produk toegedien is volkome in ooreenstemming met die Vervaardiger / Verskaffer se aanbeveling, en dat die produk in gebreke gebly het as gevolg van die produk wat bewese defektief is, dan is die Vervaardiger / Verskaffer se aanspreeklikheid beperk tot die bedrag op die faktuur van die foutiewe produk of die vervanging van die foutiewe produk, slegs in die diskresie van die Vervaardiger / Verskaffer.

8.2 Die lewering van die produk wat verkoop is, word geag te gewees het:

8.2.1 In die geval van produkte wat per spoor, skip of pad vervoer is, op besending aan die geadresseerde;

8.2.2 In die geval van produkte wat vervoer word deur die Aansoeker / Koper se eie vorm van vervoer, by die oorhandiging van sulke produkte aan die Aansoeker / Koper se agent, of aan homself.

8.3 In die geval van bestellings geplaas ten opsigte van ander produkte as dié wat op die Vervaardiger / Verskaffer se amptelike prys lys is, (en waar spesiale bestellings geplaas is om voorberei te word deur die Vervaardiger / Verskaffer om te pas by die spesifieke vereistes van die Aansoeker) weerspieël word, sal die Aansoeker verplig word om die hoeveelheid te neem wat aangebied is vir aflewering wat binne (……………..% min of meer) van die hoeveelheid wat bestel is deur die Aansoeker, val.

8.4

8.4.1 ‘n Aansoeker mag nie goedere teruggee sonder die vooraf toestemming van die Vervaardiger / Verskaffer nie. Hierdie toestemming kan weerhou word indien die goedere in die hande van die Aansoeker vir ‘n onredelike tydperk vir die betrokke produk was, of indien die produk se toestand sodanig is dat die goedere nie herverkoop kan word nie wanneer dit terugbesorg word.

8.4.2 In die geval van spesiale bestellings (soos beskryf in klousule 8.3 hiervan) sal die produk wat so verkoop is, nie terugbesorg kan word nie.

8.5 Die Vervaardiger / Verskaffer sal nie gebind word deur enige voorstellings of waarborge of enige vertoë gemaak deur ‘n Werknemer of Agent wat voorgee om op te tree namens die Vervaardiger / Verskaffer nie, tensy so ‘n voorstelling of waarborg op skrif gestel word en onderteken is deur ‘n gemagtigde verteenwoordiger van die Vervaardiger / Verskaffer.

8.6 Nieteenstaande die bepalings van paragrawe 8.2.1 en 8.2.2 van hierdie voorwaardes van verkoop of die toestaan van krediet deur die Verskaffer aan die Aansoeker, sal die eienaarskap van die goedere verkoop hiermee nie oorgaan aan die Aansoeker nie totdat betaling vir sodanige goedere gemaak is ten volle en totdat so ‘n betaling gemaak is, sal die Aansoeker slegs in besit wees van die goedere.

8.7 Indien betaling nie op die vervaldatum nagekom word nie, behou die Verskaffer die reg voor om enige handelsafslag of kortings te onttrek.

ALDUS GEDOEN en GETEKEN te __________________________ op hierdie _________ dag van ___________________ 20_____

AS GETUIES:

1. ____________________________________

2. ____________________________________

__________________________________

*Namens* **Applikant**

ALDUS GEDOEN en GETEKEN te __________________________ op hierdie _________ dag van ___________________ 20_____

AS GETUIES:

1. ____________________________________

2. ____________________________________

__________________________________

*Namens* **Verskaffer**